



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

LANDBOUBESTUURSPRAKTYKE

NOVEMBER 2023

NASIENRIGLYNE

PUNTE: 200

Hierdie nasienriglyne bestaan uit 13 bladsye.

AFDELING A**VRAAG 1****1.1 Veelvoudigekeuse**

- 1.1.1 D ✓✓
- 1.1.2 C ✓✓
- 1.1.3 D ✓✓
- 1.1.4 B ✓✓
- 1.1.5 C ✓✓
- 1.1.6 B ✓✓
- 1.1.7 C ✓✓
- 1.1.8 A ✓✓
- 1.1.9 C ✓✓
- 1.1.10 D ✓✓

(10 x 2) (20)

1.2 Pasitens

- 1.2.1 B ✓✓
- 1.2.2 G ✓✓
- 1.2.3 J ✓✓
- 1.2.4 D ✓✓
- 1.2.5 L ✓✓
- 1.2.6 A ✓✓
- 1.2.7 C ✓✓
- 1.2.8 H ✓✓
- 1.2.9 F ✓✓
- 1.2.10 K ✓✓

(10 x 2) (20)

1.3 Landboukundige terme

- 1.3.1 Krummel / Korrel ✓
- 1.3.2 Kontoer / Kontoerlyne ✓
- 1.3.3 Organies / Biologies / Regenererende ✓
- 1.3.4 Filtrasie ✓
- 1.3.5 Elektroniese toerusting / Data vasleggingstoerusting ✓

(5 x 1) (5)

1.4 Onderstreepte woorde

- 1.4.1 Kleiner / Laer / Minder ✓
- 1.4.2 Advertering / Advertensie Promosie ✓
- 1.4.3 Vervoer ✓
- 1.4.4 Depositostrokie / Depositoboek ✓
- 1.4.5 Oorhoofse kostes ✓

(5 x 1) (5)

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B**VRAAG 2: FISIESE PLAASBEPLANNING****2.1 Noem die funksies van grond**

- Voorsien plant voedingstowwe / minerale / grondstowwe ✓
- Stoor en voorsien water aan plante ✓
- Laat lugbeweging toe ✓
- Laat water infiltrasie toe ✓
- Dien as groeimedium vir plante ✓
- Voorsien huisvesting / habitat vir organismes ✓
- Speel 'n rol in koolstofvaslegging ✓
- Speel 'n belangrike rol in klimaatregulering ✓
- Voorsiening van spasie ✓
- Anker / ondersteun die plant ✓

(Enige 4) (4)

2.2 Suidelike helling en Noordelike helling**2.2.1 Verduidelik temperatuur van die grond**

- Suidelike helling is koeler as die Noordelike helling ✓
want dit word minder direk aan sonlig blootgestel ✓
- OF**
- Noordelike helling is warmer as die Suidelike helling ✓
want dit word meer direk aan sonlig blootgestel ✓

(Enige 1 x 2) (2)

2.2.2 Verduidelik organismes in die grond (grond fauna)

- Suidelike helling het minder mikrobe aktiwiteit ✓
want organismes is minder aktief onder koeler omstandighede ✓
- OF**
- Noordelike helling het meer mikrobe aktiwiteit ✓
want organismes is meer aktief onder warmer omstandighede ✓

(2)

2.3 Onderskei tussen tekstuurklasse

EIENSKAPPE	SAND	KLEI
Watervashou vermoë	laag / minder ✓	hoog / meer ✓
Grondvrugbaarheid	laag / minder ✓	laag / minder ✓

(4)

2.4 Bespreek die belangrikheid van bodemopnames vir boere

- Grondtipes word geïdentifiseer ✓ sodat produksievermoë bepaal kan word ✓
- Bewerkbaarheid van gronde word geïdentifiseer ✓ en geklassifiseer ✓
- Bepaal die doel en tipe ✓ as hoë produksie gronde, marginale gronde, lae produksie gronde ✓
- Beskerm teen degradasie ✓ soos erosie, oorbeweiding en verbrakking ✓
- Voorkom toeslikking van damme ✓ weens erosie ✓
- Staan ingenieurs by met die ontwikkeling van die area ✓ of geboue en strukture op die plaas ✓
- Ontwikkel grondkaarte ✓ met die inligting verkry van bodemopnames ✓

(Enige 2 x 2) (4)

2.5 Weidingstelsel**2.5.1 Onderskei tussen weidingstelsels****(a) PLAAS A – Aanhoudende beweidings**

- Vee word toegelaat om onbepaalde, ononderbroke toegang te hê tot 'n hele gebied ✓
gedurende die hele beweidings seisoen ✓

(2)

(b) PLAAS B – Wisselweiding

- Die verskuiwing van vee na verskillende kampe ✓
in gereelde opeenvolging ✓

(2)

2.5.2 Noem die nadele van die beweidingsstelsel gebruik op PLAAS B

- Benodig meer heinings ✓
- Benodig meer watervoorsieningspunte ✓
- Benodig meer arbeid ✓
- Benodig hoë vaardigheid van bestuur ✓
- Koste sal toeneem ✓

(Enige 2) (2)


2.5.3 Beskryf die voordele om 'n kamp te laat rus

- Verhoog die aanhoudende produksie van hoë gehalte voer ✓
- Voorkom degradasie van weiding ✓
- Weidings meer bestand teen periodes van droogtes deur middel van uitgebreide wortelontwikkeling ✓
- Droë materiaal (DM) produksie verhoog ✓
- Saadstorting vermeerder en tyd word toegelaat vir die ontwikkeling daarvan ✓
- Verlengde weiperiodes na rusperiodes ✓
- Beheer van parasiete ✓
- Suksessie van plante word bevorder ✓

(Enige 3) (3)

- 2.6 **Arbeidswette**
- 2.6.1 B ✓ (1)
- 2.6.2 D ✓ (1)
- 2.6.3 A ✓ (1)
- 2.6.4 C ✓ (1)
- 2.7 **Boerdery scenario**
- 2.7.1 **Identifiseer boerderystelsels**
- (a) **BOER A**
- Kommersiële boer ✓ (1)
- (b) **BOER B**
- Bestaansboer ✓ (1)
- 2.7.2 **Beskryf intensiteit of vlak van grondgebruik deur BOER A**
- Intensiewe gebruik van die grond ✓
 - Baie diere per ha ✓
 - Diere word gevoer deur die boer ✓
 - Diere hoef nie hul eie kos gaan soek nie ✓ (Enige 2) (2)
- 2.7.3 **Lei af of BOER A se leerindustrie 'n nismark is**
- NIE 'n nismark nie ✓ (1)
- Redes:**
- Is grootskaalse produksie (15 473 velle) ✓
 - Boer het 'n industrie wat die goedere produseer, dit is nie klein skaal nie ✓
 - Boer produseer items in algemeen, dit is nie eksklusief/gespesialiseerd vir spesifieke behoeftes nie ✓ (Enige 2) (2)
- 2.7.4 **Lewer kommentaar oor BOER B se moeilike verkoop van oorskot**
- Vêr van die mark, vervoerkoste is hoog ✓
 - Mark kan klein wees, minder kopers ✓
 - Ooraanbod by die mark ✓
 - Boer B moet deur markagente werk ✓ wat betaal moet word
 - Oorskot produkte nie van goeie gehalte nie ✓
 - Produkte neem lank om die mark te bereik, gehalte neem af ✓
 - Verpakking is nie op standaard nie ✓
 - Baie moeilik om met kommersiële boere te kompeteer / met verwysing na kwaliteit en kwantiteit ✓ (Enige 3) (3)

- 2.8 **Beskryf belangrikheid van presisie boerdery**
- Verhoog effektiwiteit in die gebruik van hulpbronne ✓
 - Verhoog of handhaaf uitsette met verminderde insette ✓
 - Kan kleiner eenhede meer effektief bestuur ✓
 - Bewaring van die omgewing ✓
 - Maak die plaas meer lewensvatbaar deur insetkoste te verlaag (Enige 3) (3)
- 2.9 **Agritoerisme**
- 2.9.1 **Noem die aktiwiteite op die plaas**
- Pluk/oes van vrugte ✓
 - Perde ritte ✓
 - Melk van koeie ✓ (3)
- 2.9.2 **Identifiseer ontbrekende inligting**
- Naam van die plaas ✓
 - Kontak besonderhede / e-pos adres / selfoonnommer ✓
 - Elektroniese media (Facebook bladsy / Instagram) ✓
 - Adres van plaas / ligging ✓
 - Beskrywing van moontlike aktiwiteite ✓ (Enige 2) (2)
- 2.9.3 **Dui verbetering van advertensie aan**
- Gebruik van kleur ✓
 - Gebruik tekeninge in dieselfde styl ✓
 - Gebruik foto's en nie tekeninge nie ✓
 - Toename in grootte/formatering van die letters in die opskrif ✓
 - Voeg meer informasie by ✓ (Enige 3) (3)
- [50]**

VRAAG 3: BESIGHEIDSBEPANNING, ENTREPRENEURSKAP, BEMARKING. PRYSBEPALING EN DIE BESTUURSPROSES**3.1 Staafgrafiek van pryse****3.1.1 Teken staafgrafiek van varkvleis****Rubriek:**

- Titel van die grafiek (varkvleis) ✓
- Benoeming en kalibrering van x-as en y-as met eenhede ✓
- Enige twee korrekte stawe ✓ (2x1 = 2 ✓✓)
- Regte tipe grafiek ✓

(5)

3.1.2 Gee 'n rede vir afname in 2020

- COVID-19 / uitbreek van diere siektes ✓ het grense gesluit vir uitvoer ✓

(2)

- 3.2 **Noem en beskryf faktore vir 'n produk-bemarkingstrategie**
- Kwaliteit van die produk ✓
produk moet die kwaliteitsvereistes van die verbruiker na kom ✓
 - Vraag ✓
die boer moet in staat wees om veranderinge in die vraag te identifiseer ✓
 - Prys van die produk ✓
die boer moet in staat wees om pryse te vergelyk/tendense in pryse waar te neem ✓
 - Promosie van die produk ✓
produk moet aantreklik vir die verbruiker gemaak word ✓
 - Plek ✓
die ligging moet gerieflik en maklik toeganklik wees vir verbruiker ✓
(Enige 2 faktore + beskrywing) (4)
- 3.3 **Entrepreneurskap**
- 3.3.1 **Identifiseer en motiveer tipe landbousektor**
- Tersiêre landbousektor ✓ (1)
- Motivering:**
- Die scenario voorsien goedere en dienste benodig deur die primêre en sekondêre landbou sektore ✓ (1)
- 3.3.2 **Gee die belangrikheid van tersiêre landbou sektor**
- Ekonomiese groei/addisionele inkomste ✓
 - Verskaf werksgeleenthede ✓
 - Lei tot die vestiging van besighede ✓
 - Gee raad aan boere ✓
 - Promoveer die ontwikkeling van nuwe en innoverende goedere en dienste ✓
 - Verskaf dienste aan boere ✓ (Enige 3) (3)
- 3.4 **Kies beginsel van bestuur**
- 3.4.1 Organisering ✓ (1)
- 3.4.2 Beheer ✓ (1)
- 3.4.3 Motivering ✓ (1)
- 3.5 **Gelykbreekpunt**
- 3.5.1 **Noem verkope laer as gelykbreekpunt**
- Die plaas maak 'n verlies ✓ (1)
- 3.5.2 **Noem verkope hoër as gelykbreekpunt**
- Die plaas maak 'n wins ✓ (1)

3.6 **Bemaking**3.6.1 (a) **Boer A**

$$\begin{aligned} \text{Koste per hoender} &= \text{Voer} + \text{Enting} + \text{Elektrisiteit} + \text{Arbeid} \\ &= R20 + R5 + R5 + R20 \checkmark \\ &= R50/\text{hoender} \checkmark \end{aligned}$$

(2)

(b) **Boer B**

$$\begin{aligned} \text{Koste per hoender} &= \text{Voer} + \text{Enting} + \text{Elektrisiteit} + \text{Arbeid} + \text{Prosessering} + \text{Vervoer} \\ &= R20 + R5 + R8 + R15 + R5 + R10 \checkmark \\ &= R63/\text{hoender} \checkmark \end{aligned}$$

(2)

3.6.2 **Noem moontlike metodes om pryse te bepaal**

- Mark georiënteerde prysbepaling ✓
- Gelykbreekpunt ✓
- Koste plus winsgrens / Produksie koste en toevoeging van verhogingspersentasie ✓
- Vraag en aanbod ✓

(Enige 3)

(3)

3.6.3 **Identifiseer TWEE bemakingsfunksies van PLAAS B uit scenario**

- Prosessering ✓
- Vervoer ✓
- Verkope ✓

(Enige 2)

(2)

3.7 **Noem maniere waarop produkorganisasies boere bystaan**

- Onderhandel namens boere oor terme van krediet met banke ✓
- Organiseer insette en onderhandel afslag namens die boere ✓
- Organiseer markte vir boere ✓
- Voorsien tegniese / wetenskaplike advies aan boere ✓
- Gee markinligting ✓
- Adverteer en promoveer landbouprodukte ✓

(Enige 3)

(3)

3.8 **Kies die rolle en verantwoordelikhede van personeel**

BESTUUR	TOESIGHOUER	WERKER	
		GEWAS PRODUKSIE	DIERE PRODUKSIE
3.8.1 B ✓	3.8.2 A / C / E ✓ 3.8.3 A / C / E ✓	3.8.4 D / F ✓	3.8.5 C / D ✓ 3.8.6 C / D ✓

(6)

3.9 Noem probleme van arbeid

- Diefstal ✓
- Beskadiging van bates ✓
- Arbeidsonrus / stakings / konflik ✓
- Onbetroubare / onverantwoordelike werkers ✓
- Laat kom vir werk / verdaag vroeg ✓
- Middel misbruik ✓
- Hoë arbeidskoste ✓
- Gebrek aan beskikbare / vaardige / opgeleide werkers ✓
- Migrasie van plaaswerkers na die stede ✓
- Afwesig sonder verlof ✓
- Doen verskeidenheid take ✓
- Afwesighede a.g.v siektes (HIV / VIGS / COVID ens.) (Enige 4) (4)

3.10 Beskryf belangrikheid van marknavorsing

- Gee leiding aan boerdery onderneming in besluitneming ✓
- Maak seker die produkte voldoen aan die vereistes van die mark ✓
- Het kennis van:
 - wat die kompetisie aanbied ✓
 - huidige verkope in die industrie ✓
 - maatstaf (standaard) in die industrie ✓
 - betroubare verskaffers ✓(Enige 2) (2)

3.11 Noem nadele van onderneming spesialisasie

- Swak kommoditeitspryse ✓
- Seisoen skommeling en swak weersomstandighede bepaal planttyd en oestyd ✓
- Inkomste beperk tot 'n spesifieke tyd van die jaar ✓
- Hoër bemarkingsrisiko's ✓
- Meer vatbaar vir siekte uitbrekings ✓ (Enige 2) (2)

3.12 Formuleer DRIE vrae om te oorweeg omtrent geskikte vertakking

- Watter natuurlike hulpbronne (veld tipe/klimaat/water) is beskikbaar? ✓
- Watter markte is beskikbaar? ✓
- Wie is die kompetisie binne hierdie mark?
- Watter produksie hulpbronne is beskikbaar? ✓
- Wat is die beskikbare kapitaal / insetkoste / aanvanklike koste? ✓
- Watter arbeid is beskikbaar en wat is hulle vlakke van vaardigheid? ✓
- Watter kennis / vaardigheid oor die vertakking is beskikbaar? ✓
- Wat is die boer se persoonlike voorkeure? ✓
- Watter ondersteuningsdienste / infrastruktuur / voorligtingsdienste is beskikbaar? ✓
- Is sinchronisering tussen vertakkings moontlik? / Is daar botsende belange? ✓ (Enige 3) (3)

[50]

VRAAG 4: FINANSIËLE BEPLANNING, REKORDHOUDING, OES, WAARDETOEVOEGING EN VERPAKKING

- 4.1 **Noem aspekte wat oorweeg moet word om 'n gewasproduksie begroting op te stel**
- Area wat geplant moet word ✓
 - Arbeidskoste ✓
 - Koste van insette vir produksie proses ✓
 - Uitset/Prys ✓
 - Oes koste ✓
 - Bemerkingskoste ✓
- (Enige 4) (4)
- 4.2 **Begrotings**
- 4.2.1 **Kies eienskappe van geheelplaasbegroting**
- D ✓
 - F ✓
- (2)
- 4.2.2 **Kies eienskappe van vertakkingsbegroting**
- C ✓
 - G ✓
- (2)
- 4.3 **Onderskei tussen**
- 4.3.1 **Faktuur**
- Toon al die verskillende kommoditeite, hoeveelhede en waardes ✓
wat gekoop is en die boer nog moet betaal ✓
- (2)
- 4.3.2 **Inkomstestaat**
- Rekord van inkomstes en uitgawes ✓
vir 'n gegewe tydperk ✓
en die gevolglike wins of verlies van die plaas ✓
- (Enige 2) (2)
- 4.4 **Voltooi die Balansstaat**
- (a) Grond en geboue – R1 150 000 ✓
 - (b) Tweedehandse trekker – R50 000 ✓
 - (c) Debiteure – R13 000 / Kontant – R2 000 ✓
 - (d) Kontant – R2 000 / Debiteure – R13 000 ✓
 - (e) Krediteure – R10 000 ✓
 - (f) R1 295 000 / R1 260 000 ✓
- (6)

4.5 Rekordhouding**4.5.1 Noem die belangrikheid van korrekte rekordhouding**

- Gebruik in strategiese besluitneming ✓
- Gebruik vir beplanning ✓
- Gebruik in bepaling van die winsgewendheid van die onderneming ✓
- Skep 'n databasis van plaasaktiwiteite / rekords ✓
- Help die boer om die effektiwiteit van plaasbedrywigheide te verbeter ✓ (4)

4.5.2 Identifiseer die hoof uitdagings van swak rekordhouding

- Gebrek aan kennis / Vlakke van geletterdheid ✓
- Nie genoeg tyd nie / Tydrowend ✓
- Te veel werk / Werkslas te hoog ✓
- Nie gebaseer op feite maar raaiskote / Swak bewustheid van die belangrikheid van rekordhouding ✓
- Onvoldoende bestuursinligtingstelsel ✓ (Enige 3) (3)

4.5.3 Noem 'n inligting bestuurstelsel

- Landboubestuuragteware / rekenaarprogramme ✓
- Handgeskrewe rekords ✓ (Enige 1) (1)

4.6. Pas brondokumente

4.6.1 Faktuur ✓ (1)

4.6.2 Salarisstrokie ✓ (1)

4.6.3 Kwitansie ✓ (1)

4.6.4 Bankstaat ✓ (1)

4.7 Noem faktore wat kwaliteit van vars produkte bepaal wat geoes word

- Voorkoms ✓
- Tekstuur ✓
- Geur ✓
- Beskadiging ✓
- Produk spesifieke inhoud (voedingswaarde, suiker, proteïen, stysel, suur inhoud, vog) ✓ (Enige 4) (4)

4.8 Beveel riglyne aan vir bou van stoofasiliteit

- Tipe produk wat gestoor word ✓
 - Die struktuur moet maklik wees om skoon te maak en te saniteer ✓
 - Vloere en dakke moet waterdig wees ✓
 - Vermy hout materiale ✓
 - Gebruik sterk boumateriaal ✓
 - Voldoen aan wetgewing met betrekking tot bouregulasies ✓
 - Voldoen aan wetgewing met betrekking tot skoon maak en higiëne ✓
 - Sluit isoleringsmateriale in vir dakke en mure ✓
 - Vermy materiaal met rowwe oppervlaktes ✓
 - Nie-vlambare of hitte bestande materiaal moet in geboue gebruik word ✓
 - Plasing van die fasiliteit ✓
 - Sekuriteit in en rondom die fasiliteit ✓
 - Verhoed toegang vir peste / knaagdiere ✓
- (Enige 4) (4)

4.9 Waarde toevoeging**4.9.1 Noem voordele van droging**

- Verleng die rakleef tyd van die produk ✓
 - Vermeerder die potensiaal en waarde van die produk ✓
 - Minder gewig dus makliker om te vervoer en te bemark ✓
 - Beskerm teen organismes wat produk bederf veroorsaak ✓
 - Makliker om te verpak en te stoor ✓
- (Enige 3) (3)

4.9.2 Regverdig stelling: “*Prosessering is waardevol vir werkskepping*”

- Behoefte aan meer werkers / huuring van meer werkers in prosessering ✓
wat lei tot meer werksgeleenthede ✓
- (2)

4.10 Verpakking**4.10.1 Bespreek die voordele van glas bottels / flesse**

- Beskerm die kos volledig ✓ teen mikro-organismes, peste, vog, lug en reuke ✓
 - Bevat nie chemikalieë wat migreer na kos nie, ✓ geen kontaminasie nie ✓
 - Is stewig ✓ genoeg vir opstapeling sonder skade ✓
 - Is deurskynend ✓ om die inhoud te vertoon ✓
 - Is herbruikbaar ✓ om op kostes te bespaar ✓
- (Enige 2 x 2) (4)

4.10.2 Noem die nadele van plastiek

- Nie omgewingsvriendelik nie / nie maklik weggoibaar nie / nie maklik afbreekbaar ✓
 - Beskerm nie altyd teen lig nie ✓
 - Nie bestand teen hitte skade nie ✓
 - Nie stewig nie / moeilik om op te stapel ✓
 - Kan produk kontamineer wanneer verhit word ✓
- (Enige 3) (3)
[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200